

## **RIGLYNE VIR GAUTENG PROEWE**

1. Die proewe vir Senior hengelaars sal oor vier bene strek, met die vierde proef wat verpligtend sal wees vir senior hengelaars. Hoewel daar vier proewe gehengel word sal slegs die hengelaar se drie beste punte in aanmerking geneem word. Meesters, dames en juniors sal slegs aan drie proewe deelneem en al drie proewe sal in aanmerking geneem word.
2. Die prestasies wat hengelaars by vorige 3 SA's behaal het, sal in aanmerking geneem word by die kies van spanne.
3. Hengelaars se vangspunt sal uit 250 punte bereken word terwyl die keurderspunt uit 130 bereken sal word.
4. Die vangspunte van hengelaars sal na elke proef bekend gemaak word. Nadat die spanne by die Gauteng Prysuitdeling bekend gemaak is, sal 'n opsomming van alle hengelaars se punte aan die betrokke Voorsitters van klubs oorhandig word.
5. Tydens die proewe sal die sones uit 10 hengelaars bestaan en hengelaars hengel alleen op die pen.
6. Tydens die eerste en vierde proef sal die senior hengelaars draai na vier ure.
7. Alle hengelaars sal in hulle klubklere aan die proewe deelneem, geen Provinsiale of Nasionale kleredrag sal aanvaar word nie. By oortreding van die reël sal die hengelaar met 10 keurderspunte gestraf word.
8. Geen hengelaar sal tydens die proewe toegelaat word om rond te loop nie (met die uitsondering van toilet gebruik) By oortreding van die reël sal die hengelaar met 5 keurderspunte gestraf word.
9. Om te kwalifiseer vir opname in die senior A-span is daar 'n progressiewe proses wat hengelaars moet volg. Hengelaars kan van die C-span na die B-span en uiteindelik na die A-span vorder sou hulle proewe- en SA punte dit regverdig.
10. Hengelaars wat vir 'n tydperk van 5 jaar nie aan SA Kampioenskappe deelgeneem het nie mag kwalifiseer om opgeneem te word in die span waarin by sy laaste SA deelgeneem het.. Hengelaars wat egter vir langer as vyf jaar nie aan SA Kampioenskappe deelgeneem het nie sal nie vir die A-span kwalifiseer nie maar wel vir opname in die B of C span.
11. Gooi afstande sal deur die keurders gemeet word. By die eerste proef sal alle hengelaars 'n M1 gewig gebruik en by die tweede proef sal 'n P4 gewig. Die keurders sal die stroppe voorsien en hengelaars mag 'n derde stok gebruik vir die toets.